N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Liewe Vriende **12 Mei 2020**

Die afgelope sewe weke het die lewe in Suid-Afrika, soos ons dit ken, ingrypend verander. Ons moes almal groot opofferings en aanpassings maak. Angs, vrees en onsekerheid wou ons oorweldig, maar as gelowiges wat met hoop leef en in geloof vashou aan God se liefde en genade, bly ons hoopvol oor die toekoms. Die Koronavirus is 'n kairos-oomblik vir gelowiges. Leef asof jy en ander die virus onderlede het.

Nou is die tyd om die hoop wat ons in Christus het te verkondig. Krisisoomblikke is dikwels ook tye vol geleenthede om die evangelie nie net te verkondig nie, maar ook te leef.

Die kerkraad was genoodsaak om die volgende maatreëls te tref om sodoende gehoor te gee aan die wetgewing en regulasies wat die inperking reguleer.

1. Eredienste.

Daar mag geen eredienste in die kerkgebou wees tot tyd en wyl die inperkingsmaatreëls in die verband opgehef is nie. Die eredienste word wel elke week vooraf opgeneem en dan op Youtube, Soundcloud en Facebook gelaai. Dit sal ook geld vir Hemelvaart en Pinksterdienste.

Elke Saterdag sal U die skakel 'link' na die dienste via e-pos, sms en "whatsapp" ontvang.

Indien u nie toegang het tot die sosiale media het nie, is die preke ook op DVD beskikbaar. Daar moet net tydig met die leraars gereël word.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

2. Basaar en Spesiale Dankoffer.

As gevolg van die inperkings-maatreëls wat deur die staat ingestel is, sal daar nie vanjaar ’n basaar gehou kan word nie. Ons Spesiale Dankoffer insameling sal wel gedurende November plaasvind. Oor die insameling sal daar later met u in detail gekommunikeer word.

3. Gemeentelike finansies.

Die kerkkantoor sal egter ingevolge die regulasies nog ’n geruime tyd gesluit moet bly. Die volgende maatreël is gevolglik vir kontantbydraes in plek gestel:

Daar is 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u, u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart ingegooi kan word.

Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

Die Gemeente het intussen ook ’n “snapscan” betalings-fasiliteit daargestel vir dié wat daarvan gebruik sou wou maak. Sou u onseker wees hoe om die toepassing te gebruik is u welkom om met my in verbinding te tree.

Die gemeente se “unieke” strepieskode is hierby aangeheg asook bankbesonderhede vir elektroniese betaling:

Snap here to pay

SnapScan

NG Oudtshoorn – Welgeluk	**NG Oudtshoorn – Welgeluk**
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	**Takkode:632005**
Tjek: 1006783962	**Tjek: 1120580066**

4. Bejaardes.

Lidmate word versoek om ook om te sien na die welstand van ons bejaardes. Help hulle met inligting asook met die aankoop van kruideniersware en ander behoeftes.

Die gemeente is tans betrokke by behoeftige bejaardes. Ons wil hul ook help met kruideniersware. Indien u hierby betrokke wil raak, kan van die volgende items by die pastorie afgee word.

Blikke 250 gram kitskoffie	**Rooibostee - 80 sakkie pakke**
Gewone tee-100 sakkie pakke	**Weetbix – 450 gram**
Blikkies tuna	**2 liter Oros koeldrank**
400 gram grondboontjiebotter	**400 gram konfyt of 125 gram Marmite**
Pakkies 2 minute noodles	**Pakkies Mariebeskuitjies**
Pakkies "Lemon Creams"	**2,5 kg suiker**

5. Kerkklokke.

Op Paassondag het ons die Here Jesus se opstanding gevier. Die volgende paar Sondae tot en met Hemelvaart gaan ons in plaas van die klokke om 09:30 te lui by die kerk 'n trompetgeskal uitsaai om juis die opstanding van die Here Jesus Christus te vier en aan te kondig. Hou die horlosie dop en luister om 09:30.

6. Praktiese Wenke.

Goeie higiëne help baie om die verspreiding van die Koronavirus te beperk, maar ook om verkoues en griep te voorkom! Was gereeld jou hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes.

Nies of hoes in die hoek van jou elmboog of sneesdoekie, nie in jou hand nie. Was onmiddellik jou hande nadat jy gehoes, genies of neus geblaas het. Moenie aan jou gesig, veral jou mond, neus en oë, raak met ongewaste hande nie. Gebruik 'n hand ontsmettingsmiddel. Vermy noue kontak met iemand wat siek is.

Dra dan ook altyd 'n masker as u, in die openbaar verskyn.

Moet verder ook nie paniekbevange raak of paniek saai en/of ongeverifieerde "fopnuus" versprei nie. Statistieke toon tans aan dat 82% van alle Korona gevalle matig is en pasiënte ervaar ligte koors, moegheid en 'n droë hoes.

Slegs 6% van pasiënte benodig intensiewe sorg behandeling en die groter meerderheid kan tuis aansterk sonder om gehospitaliseer te word. Dit is egter geen rede om oorgerus te wees nie.

Die gesegde lui egter dat voorkoming beter as genesing is en met die winter op hande en sistematiese oopstelling van die ekonomie is die verwagting dat geïnfekteerde gevalle drasties kan toeneem en dat die virus eers in die lente sy hoogtepunt gaan bereik en dan nog lank daarna met ons gaan wees. Dus veiligheid, higiëne en veilige sosiale afstande moet ten alle tye eerste gestel word.

<u>TEN SLOTTE</u>

Daar is egter ook groot begrip vir die algemene kommer en onsekerhede wat tans heers oor verskeie faktore soos bv. Die ekonomiese insinking, werksverliese, hordes mense wat sonder hoop en kos is, gesinsgeweld, die onderwys en so kan mens aangaan.

Verder is dit ook ’n gegewe dat ons leefwêreld in die post Korona era heel waarskynlik anders daar gaan uitsien as voor dit. Dit is nou die tyd om kalm te bly en elk op sy eie unieke manier skouer aan die wiel sit om die trein weer op sy spore te kry.

Te midde van al die swaarkry is daar een ligpunt. God is en was en sal altyd wees en Hy is in beheer ongeag. Kom ons as gemeente gaan saam die toekoms biddend tegemoet met ons oë in volle vertroue op Hom gerig.

Baie dankie vir elkeen se samewerking in dié verband.

Pas julle mooi op en bly veilig.

Vriendelike groete.

Ds. Andries Potgieter

Namens die Kerkraad van N.G. Oudtshoorn – Welgeluk

Tel. Nr. 044 272 5286

Sel. Nr. 084 514 2178